BROSJURE
AGRI WETENSKAPPE 2024

In samewerking met INTERNATIONAL AGRICULTURAL ACADEMY FOR AFRICA

MOOIKRANS
AGRI-OPLEIDING

Die MOOIKRANS 50:50 MODEL (50% Teorie en 50% Prakties) is sedert 2020 die basis vir uitnemende landbou opleiding en is van die heel beste landbou opleiding wat tans in Suid-Afrika aangebied word. Hierdie model het homself bewys as werkbare alternatief vir die kwynende nasionale landbou kolleges.
Die Vrystaat Landbou Kollege is aan die begin van 2023 in Bloemfontein volgens hierdie Mooikrans model gevestig. Die teorie moet die prakties moet ondersteun en die praktyk die teorie.
Matriek is 'n vereiste tot toelating maar geen spesifieke vakke word vereis nie.

* **MOOIKRANS INTERNE KURSUS (Verpligtend vir alle studente)**
  Boerdery op die Hoëveld – Ermelo, Amersfoort, Bethal omgewing

Studente word teoreties en prakties opgelei in alle boerdery-fasette van boerdery soos bedryf word in ons omgewing, naamlik mielies, sojaboontjies, sorgum, beeste, skape en al die ander. Hierdie afdeling is **verpligtend** vir alle studente omdat dit hier is waar geleer word HOE om te boer. Formele onderrig deur landboukundiges. Praktiese ervaring op omliggende plase by megaboere maar ook boerderye op kleiner skaal. (Lees meer hieroor in Mooikrans se Interne Sillabus.)

* **NATIONAL CERTIFICATE: ANIMAL PRODUCTION/PLANT PRODUCTION**
  SAQA NQF 4 (Geakkrediteer deur International Agricultural Academy for Africa (i3A)
  Skryf in vir 'n Eenjaar Sertifikaat in Diere Produksie en/of Plant Produksie

* **NATIONAL DIPLOMA: ANIMAL PRODUCTION/PLANT PRODUCTION**
  SAQA NQF 5 (Geakkrediteer deur International Agricultural Academy for Africa (i3A)
  Skryf in vir 'n Tweejaar Diploma in Diere Produksie en/of Plant Produksie

Hierdie diploma en sertifikaat kursusse word vanaf Februarie 2022 aangebied. Dit is 'n aanlyn kursus (in Engels) wat die student deur selfstudie en op eie stoom voltooi. Opdragte word deur die jaar ingestuur vir evaluering.

* JAARGELDE Sien Dokument JAARGELDE

Die Nasionale kursusse het ‘n vereiste aantal klas-ure, praktiese-ure en studie-ure en Mooikrans sien toe dat dit so uitgevoer word. Werksopdragte word ingehandig. ‘n Logboek word bygehou wat dien as bevestiging van praktiese werk gedoen.
Mooikrans se interne kursus *Mooikrans se Agri Opleiding* is ‘n stewige kursus en bevat alle boerdery vertakkinge soos gevind op die hoëveld van Mpumalanga. Dit is verpligtend vir alle landbou studente.

Studente kies uit 3 moontlikhede:

1. *Mooikrans se Agri Opleiding* kursus – Mooikrans kwalifikasie
2. *Mooikrans se Agri Opleiding* kursus **plus** Nasionale Twee Jaar Diploma – SAQA NQF 5
3. *Mooikrans se Agri Opleiding* kursus **plus** Nasionale Een Jaar Sertifikaat – SAQA NQF 4

- **AANSOEKVORM**
  ‘n Aansoekvorm is op aanvraag beskikbaar.
  Studente en ouers onderteken die MOOIKRANS GEDRAGKODE.

OPEDAE VIR 2023: 5 AUGUSTUS, 7 OKTOBER, 4 NOVEMBER met die oog op inskrywings vir 2024
BESPREEK VOORAF DEUR ‘N WHATSAPP TE STUUR AAN ELNA BY 083 732 8172 MET AANTAL BESOEKERS.
OPEDAG BEGIN STIPTELIK OM 10H30. HEKKE OPEN OM 10H00